

Skriflesing: Mattheus 21:12-22

Teks: **Mattheus 21: 12-13, 19**

Sing- **Ps. 66:1; Ps. 139:1,10; Ps. 74:2,13,16; Ps. 68:3**

Mattheus 21:12-22

Mat 21:12 En Jesus het in die tempel van God ingegaan en almal wat in die tempel verkoop en koop, uitgejaag en die tafels van die geldwisselaars en die stoele van die duiweverkopers omgegooi.

Mat 21:13 En Hy sê vir hulle: Daar is geskrywe: My huis moet 'n huis van gebed genoem word. Maar julle het dit 'n rowerspelonk gemaak.

Mat 21:14 En daar het blindes en kreupeles na Hom gekom in die tempel, en Hy het hulle gesond gemaak.

Mat 21:15 En toe die owerpriesters en skrifgeleerdes die wonderwerke sien wat Hy gedoen het, en die kinders wat in die tempel uitroep en sê: Hosanna vir die Seun van Dawid! was hulle verontwaardig

Mat 21:16 en sê vir Hom: Hoor U wat hulle daar sê? En Jesus antwoord hulle: Ja, het julle nooit gelees: Uit die mond van kinders en suigeling het U vir U lof berei nie?

Mat 21:17 En Hy het hulle verlaat en uit die stad uitgegaan na Betánië en daar vernag.

Mat 21:18 En vroeg in die môre toe Hy teruggaan na die stad, het Hy honger gehad;

Mat 21:19 en Hy sien 'n vyeboom langs die pad en gaan daarnatoe; maar Hy het niks daaraan gevind nie as net blare alleen; en Hy sê vir hom: Laat daar uit jou tot in ewigheid nooit weer 'n vrug kom nie! En onmiddellik het die vyeboom verdroog.

Mat 21:20 En toe die dissipels dit sien, was hulle verwonderd en sê: Hoe het die vyeboom so onmiddellik verdroog?

Mat 21:21 Maar Jesus antwoord en sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het en nie twyfel nie, sal julle nie alleen doen wat met die vyeboom gebeur het nie; maar al sê julle ook vir hierdie berg: Hef jou op en werp jou in die see—sal dit gebeur.

Mat 21:22 En alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo.

Skriflesing: Mattheus 21:12-22

Teks: **Mattheus 21: 12-13, 19**

Sing- **Ps. 66:1; Ps. 139:1,10; Ps. 74:2,13,16; Ps. 68:3**

Broeder en suster, ons gaan vanoggend voort met Jesus se laaste 7 dae op aarde, die belangrikste week wat daar nog op hierdie aarde was. Verlede Sondag was dit al vir ons 'n belangrike vraag *Wie Jesus is*. Jesus se identiteit moet raakgesien word. Mattheus 21:10 wys die belang hiervan- **10** *En toe Hy in Jerusalem inkom, het die hele stad in opskudding geraak en gesê: Wie is hierdie man?* Wie is hierdie man, dit is belangrik om dit te bly vra. Direk hiermee saam moet ons ook raaksien nie net *Wie Jesus is* nie, maar sy identiteit hang saam met sy gesag- Hoor die belangrike vraag in Matt.21:23 - *Deur watter gesag doen U hierdie dinge, en wie het U hierdie gesag gegee?* Tussen dié vrae *Wie Jesus is* en wat Sy gesag is, het ons die gebeure waar Jesus openlik met heilige toorn en woede reageer. Jesus het nie net die grootste stad van die Jode ingegaan nie, as Profeet nader Hy die tempel, in 'n sekere sin die sentrum van die wêreld. Vir die Jood die simbool van hulle identiteit, hulle nasionaliteit, hulle alles, maar wat het Jesus daar gevind, wat het Jesus daar gemaak?!

Dit was Maandag. Die gebeure van Sondag waar Jesus op die vul van 'n donkie die stad ingery het, mense het met groen takke en hulle bo-klere 'n tapyt oopgelê dat Jesus sag die stad kon inry, maar Maandag se gebeure is nie sag nie. Hier gebeur op hierdie Maandag twee harde dinge. Dit wat die vyeboom oorgekom het, maar die vyeboom staan onlosmaaklik verbind aan wat Jesus by die tempel aangetref het in wat Jesus geweet het sy volk is en in wat sy volk doen. 'n Bankrot volk, wie se godsdiens leeg, korrup en niksseggend geword het, waar dinge op die oog af besig en indrukwekkend mag lyk, daar is baie mense en baie diere wat geoffer kan word, dit lyk en klink soos 'n rumoerige dorpsbasaar, maar hulle tempel, hulle offers, hulle wette is alles net ydele vertoon. Daarom begin dit alles eintlik by wat die vyeboom moes oorkom.

Ons moet mooi oplet hoe Mattheus die dinge skryf. Hy skryf eerste oor die tempelreiniging maar ons moet mooier lees. Markus maak dit ook makliker. Matt.21:18 lees ons in alle geval dat die gebeure by die vyeboom al vroeg die Maandag-oggend was- *18 En vroeg in die môre toe Hy teruggaan na die stad, het Hy honger gehad...* Daarom het ons met Mattheus en Markus die kronologie dat Jesus daardie Maandag-oggend nog op pad na Jerusalem, het Jesus die vroeë hongeryne gevoel. Daardie 3 km pad vanaf Betanië, waar ons kan aanvaar ná Sondag se “heldeontvangs” het Jesus weer by Lasarus en sy susters oornag en nou vroeg-oggend op pad na Jerusalem en die vyeboom is daar langs die pad. Nog voor die tempelreiniging plaasvind dan vind die uitsprake rondom die vyeboom plaas wat eintlik al direk inspeel op wat die by die tempel aan die gang is.

Ons wil aanvaar, ook soos Markus dit beskryf, dat die dinge rondom die vyeboom oor twee dae afgespeel het (Mark 11:12-14; 20-25). Maandag-oggend word die vyeboom vervloek, dan die gebeure by die tempel, weer terug na Betanië en Dinsdag-oggend weer verby die vyeboom, maar nou is die vyeboom heeltemal verdroog en die dissipels so verbaas. Al skryf Mattheus asof dit was of die vyeboom oombliklik verdroog gestaan het, kan ons aanvaar die verdroging was wel onmiddellik maar dit sou eers daardie Dinsdag tot almal kon deurdring, toe Jesus en sy dissipels Dinsdag-oggend weer daar verby is en hulle toe eers presies kon agterkom wat met die vyeboom gebeur het.

Mattheus beskryf die vervloeking baie duidelik- *Laat daar uit jou tot in ewigheid nooit weer 'n vrug kom nie! En onmiddellik het die vyeboom verdroog.* Nou die vyeboom mag dalk

Pretoria- 23 Maart 2014

onskuldig lyk want word dit ook duidelik gemaak dit was nie vyetyd nie. Ons moet dadelik begin raaksien die vyeboom word simbool van iets baie groter as net dit wat onmiddellik rondom die boom gebeur. Jesus soek nie eiebelang en hierdie is geen kragvertoning nie, want het Jesus nooit dit gedoen nie. Jesus het nooit voorrang aan sy eie behoeftes gegee nie, alles behalwe!

Die vyeboom word simbool van die volk waarheen Jesus op pad is. Jesus wys aan ons, nog voor Hy by die volk sou uitkom, dat Hy wat Jesus is, weet, die alwetende God weet, wat Hy daardie oggend by sy volk gaan aantref. Die vyeboom word die voorteken, maar meer nog die vyeboom word die bevestiging en ten einde laaste die finale beslissing van wat in die Joodse geledere aangetref gaan word.

'n Boom met groen takke en baie blare, dit lyk nie of dit so vrugteloos moet wees nie, maar die blare en takke is skyn. Ons menselebens moet die vyeboom ingeplaas word want enige tyd moet ons reg wees vir God se inspeksie. Wat sal God by jou en my aantref. Tussen ons baie blare en baie besig wees is die vraag is ons werklik besig om vrug vir die koninkryk van God te dra of is ons 'n kerkboom met klomp kerklike blare en takke oortrek, alles lyk mooi groen, al te besig met vele grootdoenerigheid maar die kerkboom dra geen koninkryksvrugte nie. Mag 'n kerkboom sonder koninkryks- vrugte voor God bly staan?! Mag 'n kerk wat nie vir die koninkryk van God vrug dra nie, nog as kerk voortgaan?!

Née, broeder en suster, dit behoort nie te lewe nie, so 'n boom, so 'n kerk, sal deur God vervloek word en gestraf word. As dit nie reeds vervloek is nie! Die vrug van die koninkryk moet in die kerk gedra word anders is ons besig om vir die Here te sê, moet nie nou by my kom vrug soek, vir ek en my huis, vir ons in hierdie kerk is dit nou buite seisoen. Moet nie van ons verwag om mandjies vreugde en dankbaarheid en ootmoed in lewensmandjies, kerkmandjies af te pluk nie. Die koninkryk het die kerk nodig, soos ons verlede keer al gehoor het, die Here het die donkies nodig. As dit dan nie beskikbaar is nie, as daar geen vrug bestaan nie, wat is die sin van die voortbestaan van so 'n boom, so 'n kerk.

Geliefdes, daarom as ons van die vyeboom beweeg reguit na wat direk hierna gebeur het, die tempel word gereinig, dan moet u ons groot vrae onthou. Wie is Jesus en met watter gesag tree Hy op? Dit hang alles saam met wat Jesus van Homself al in Mattheus 12:6 geopenbaar het- *6 En Ek sê vir julle: Een wat groter is as die tempel, is hier.* Die Joodse godsdienstige

leiers het al op hierdie Maandag met wat Jesus by die tempel gedoen het en wat daar gesing is hulle nette fyner wou span. Mattheus 21:15 lees ons- **15** *En toe die owerpriesters en skrifgeleerdes die wonderwerke sien wat Hy gedoen het, en die kinders wat in die tempel uitroep en sê: Hosanna vir die Seun van Dawid! was hulle verontwaardig...* Hierdie verontwaardiging het 'n geslepe venyn en woede geword. Ja, die tempel wat hier deur Jesus gereinig moes word, die Jode gee voor hulle het rede om Hom te kruisig en dit oor die tempel. As ons later kom by Matt. 26:61 dan staan daar- **61** *Maar oplaas kom daar twee valse getuies en sê: Hierdie man het gesê: Ek kan die tempel van God afbreek en dit in drie dae opbou.* In Mattheus 27:39-40 word die tempel direk betrek hoekom Jesus gekruisig is- **39** *En die verbygangers het Hom gesmaad terwyl hulle hul hoofde skud* **40** *en sê: U wat die tempel afbreek en in drie dae opbou, red Uself! As U die Seun van God is, kom af van die kruis!*

U kom agter die tempel-lyn word 'n kruisigings lyn. Alles, die tempel, die tempel, die tempel, maar godsdienstig is dit leeg, 'n rowersnes, 'n handelshuis. Dit wat Jesus daardie Maandag by die tempel gedoen het, het Hy drie jaar vroeër ook gedoen. Vanaf Jesus se amptelike optrede, direk na sy doop en salwing tot aan die einde van sy lewe het die tempel, die kerk in 'n sekere sin 'n brandpunt gebly. Die eerste reiniging kan ons in Joh. 12:13-22 die spoor al terug sien. Daar was geen verbetering, geen inkeer, geen werklike terugkeer na wat die tempel veronderstel was om te wees nie. 'n Huis van God, 'n tempel van God, 'n huis van gebed, 'n huis wat vir alle nasies moes wees, as hulle luister wat die Here in Jes. 56:7 skrywe dan lees ons.... *want my huis sal 'n huis van gebed genoem word vir al die volke.* Die mense maak van die kerk of 'n kulturele sentrum, of nog erger, die Here het al in Jer. 7:11 geprofeteer dat oor God se huis as “spelonk vir moordenaars” hierdie woorde uitgaan.

Wanneer Jesus die woorde van die profete hierby saamtrek soos wat hy 'n sweep met toutjies kon saamvleg waarmee die mense daar uitgedryf was, dan wys die Here op die mens se totale onverskilligheid, ja die kwaad en die sonde pop in die tempel uit. Hulle het dit 'n besigheidsplek gemaak waar Johannes die eerste tempelreiniging beskryf as mense maak dit 'n rowersnes. Wanneer ons hierdie woorde van Jesus begrond, broeder en suster dan gaan dit daaroor dat in hierdie Paastyd is daar duisende pelgrims wat na die hart van Jerusalem op die Sionsberg die tempel besoek.

In die Grieks het ons twee woorde wat eintlik twee tempel begrippe verteenwoordig. Eers die “*naos*” waar dit gaan oor die Allerheiligste deel. Daar waar net die hoëpriester eenmaal per jaar op die groot Versoendag mag ingegaan het. Agter daardie digte gordyn lê dit wat op versoening moes uitloop. Mattheus praat nie van die “*naos*” nie, waar hy hier na die tempel verwys dan praat hy van die “*hieron*” wat op die mees uitgebreide oppervlakte van die tempel kompleks heenwys, die tempel in sy totaliteit gesien, die verskeie geboue en pleine en oppervlakte is alles by die “*hieron*” ingesluit. Hier kom mans en vrouens deurmekaar, maak nie saak nie, mense van verskillende agtergronde, kulture, geslagte, maak nie saak nie, ja die tempelreiniging vind plaas waar Joodse mans, Joodse vrouens, heidene, priesters mekaar se paaie kruis, al daardie voorhofgedeeltes en pleine, kan ons maar sê kom onder Jesus se sweep.

Want het die Jode, veral die pelgrims hier uitgebuit. Elkeen wat die tempel wil besoek moet ’n halvesikkel tempelbelasting betaal. Gemiddeld aan wat ’n arbeider vir 2 dae se werk ontvang. Die Jode het gemeen dat die pelgrims wat van al die ander plekke kom, hulle geld is vreemd, is onheilig. Hulle geld moet omgeruil word want mag Romeinse en Griekse en Egiptiese geld nie die tempel inkom nie, dit moet eers met die Joodse geldeenheid, wat sikkels is omgeruil word. Hulle doen besigheid wat in vandag se terme as ’n forex instelling sou dien, maar daar was nie net hierdie forex dele nie, ook was daar allerhande diere te koop aangebied, want die mense het eintlik maar die tempel besoek om te kom offer. Om nou van daar vêr waar hulle kom ’n bees of skaap, of selfs net ’n lam saam te bring was baie moeilik, maar het die Jode die besigheid gesien. Ons verkoop beeste en skape, nie markgereed soos vandag se boere sal sê nie, maar offergereed, alles kom in groot getalle hier op die tempelpleine dan spaar ons die mens al die moeite om sy offerdier te moes saambring. Vir die armes was daar selfs duiwe te koop. Natuurlik alles teen ’n prys! Tipies soos op ’n Oosterse basaar is daar oor pryse gestry en gekibbel, die een probeer sy produkte voor die ander een instoot, want besigheid is besigheid.

En daarom weer die besigheid rondom die vyeboom. Jesus wys by die vyeboom vooruit wat daar op die tempelplein aan die gang is, maar Hy wys ook terug. As die dissipels Dinsdag die gevrekte boom ten volle verdroog sien staan dan het dit alles weer met die tempel te make. Die vyeboom wys ook terug. Die Here se volk is soos ’n vyeboom sonder vye. Hulle wat weet hoe om geld te maak, hoe om ander vreemdes en behoeftiges uit te buit, hulle wat die

godsdienst so gekommersialiseer het, dit word 'n winsgewende besigheid, wat vir armes en blindes nie plek laat nie.

Terwyl as ons hierdie Maandag se gebeure moet begin afsluit, broeder en suster, dit wat die dissipels alles op hierdie eendag kon aanskou, die vyeboom wat verskroei sy blare inmekaar vou, die leiers van die tempel wie se tafels omgekeer en hulle geld die wêreld sou rondlê, wat moes hulle gedagtes aan die einde van hierdie dag gewees het. Broeder en suster, dit sal moes kom waar ons DV ook in die weke wat kom by sal moet uitkom, die vraag nie net Wie Jesus is nie, maar die vraag na sy gesag.

Laat ons nou reeds reageer op wat kinders en kreupeles en lammes beter gemaak het as diegene wat gedink het hulle is met die volmaakte godsdienst besig, maar Jesus keer dit om. Toe Jesus drie jaar terug ook die tempel gereinig het, toe het die dissipels al gedink aan die woorde in Ps. 69:10- *Want die ywer vir u huis het my verteer..* Die blindes en kreupeles hulle aanvaar die buitengewone mag en gesag waarmee Jesus hulle lewens aangeraak het. Wanneer hulle na hulle huise terugkeer dan is hulle ander mense- hulle erken Jesus vir Wie Hy is, vir wat Hy doen dit. Hulle het die spoor van Jesus kon vat. Dra vrug wat by die bekering pas, ja het Jesus ook gesê- *8 Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal my dissipels wees.*

Die tempel van God is nou ons liggame. Die Here wil in ons woon. Daarom dit gaan nie oor uitwendige vroomdoenery nie, die Here kyk wat binne-in ons, binne my sy tempel aangaan. Laat ons maar die vraag vir onself vra, hoeveel tafels waarmee ek myself sus is tafels wat eintlik omgekeer moet word. Laat ons mooi besin hoeveel kerklike planne en aksies is eintlik net 'n geraas en ons is baie besig maar dit het nie werklik met Jesus Christus, die Koning van die Kerk te doen nie. Dit is nie te sê hoe meer geraas en hoe groter die bedrywigheid hoe belangriker is ons vir God en sy koninkryk nie. Baie keer die een, kreupel en blind in die wêreld se oë maar is dit 'n mens geestelik baie ryper en innerlik baie sterker as die groot geraasmaker. Eenvoud, nederigheid, die opregte lewe van die enkeling en die gesinne is waarmee ons besig moet wees, Hiermee saam moet ons besef, ons mag nie seisoen-christene wees wat sou ons dink die boom het 'n verskoning om nie vrugte te dra nie, maar deur die simbool van die boom is daar vir ons geen verskoning nie. Ons mag nie seisoen-Christene wees nie, net wanneer dit my pas sal ek vrug dra.

Dink maar aan die boom van Openbaring 22, dis die boom wat saakmaak, wat gesien moet word. Die boom wat tussen die hoofstraat van Jerusalem aan die eenkant en die rivier aan die ander kant staan, dit is 'n boom, in die middel van die tuin en die straat en die middelboom- wat lees ons- twaalf keer per jaar dra dit vrugte, elke maand lewer hy sy vrugte. Die blare van die boom bring genesing vir die nasies. U plek is daar in God se stad, in God se kerk, tussen die hoofstraat, die rivier, nader nog, u moet daardie boom wees want anders staan ons op die einde so voor die Here, soos die vyeboom, brandarm en verdroog. Volgende keer mag ons besef die plek van die gestremdes, die siekes, die kinders is nie net 'n besondere plek nie, hulle kom nader aan Openbaring se boom, hulle wys op besondere gesag, die gesag wat ons vandag ook moet uitdra in die besef van dit wat Matt. 12:6 bevestig- *En Ek sê vir julle: Een wat groter is as die tempel, is hier.* Ken U Hom?

AMEN